*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 14 Junie 2024*

***"Be more concerned about your character than your reputation, because your character is what you really are, while your reputation is merely what others think you are" John Wooden***

## KOMMENTAAR GEVRA: SA SITRUSBEDRYF-AANSOEK VIR DIE VOORTSETTING VAN STATUTÊRE MAATREËLS OP SITRUSVRUGTE GEPAK EN VIR UITVOER GOEDGEKEUR

*Vir volledige kennisgewing (insluitend besigheidsplan) kontak asseblief tanya@cga.co.za*

Op 9 Mei 2024 het die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling 'n versoek van die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) ontvang vir die voortsetting van statutêre maatreëls (heffings, rekords & opgawes en registrasie) op sitrusvrugte geproduseer, goedgekeur en gepak vir uitvoer, ingevolge die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (MAP-wet) 1996. Die huidige statutêre maatreëls sal op 31 Desember 2024 verval. Daar word voorgestel dat die volgende statutêre maatreëls vir 'n nuwe tydperk van vier jaar geïmplementeer word, effektief vanaf datum van publikasie:

* Heffings (ingevolge Artikel 15 van die MAP-wet); * Rekords en Opgawes (ingevolge artikel 18 van die MAP-wet); en
* Registrasie (ingevolge artikel 19 van die MAP-wet).

Die doel en objektief van die statutêre maatreël met betrekking tot registrasie is om direk geaffekteerde groepe in die sitrusbedryf te verplig om by die CGA te registreer. Deur verpligte registrasie te kombineer met die hou van inligting en die lewering van opgawes op 'n individuele basis, kan mark-inligting vir die hele bedryf verwerk en versprei word, en sal dit die basis vorm vir die invordering van statutêre heffings. Dit is nodig om te verseker dat deurlopende, tydige en akkurate inligting vir alle rolspelers beskikbaar is. Die heffings help aansienlik om die gladde bestuur en algehele mededingendheid van ons bedryf te verseker.

Die huidige en voorgestelde heffingsbedrae, Rand per 15-kilogram karton (R/karton), is as volg:

| | Huidige heffing R/karton | Voorgestelde nuwe heffing R/karton | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Sitrusvrugte geproduseer, goedgekeur en gepak vir uitvoer | 2024 | 2025 | 2026 | 2027 | 2028 |
| Heffing Rand per 15 kg karton | R1,79 | R1,65 | R1,67 | R1,70 | R1,76 |

Die MAP-wet bepaal dat 'n statutêre heffing nie 5% van die prys wat vir 'n spesifieke landbouproduk by die eerste verkooppunt realiser, mag oorskry nie. Die maksimum van 5% moet gebaseer word op 'n riglynprys wat bereken word as die gemiddelde prys by die eerste verkoopspunt oor 'n tydperk van hoogstens drie jaar. Die 2025 voorgestelde gemiddelde statutêre heffingsvlak van R1,65 R/karton, is minder as 1,1% van die berekende gemiddelde riglynprys vir sitrusvrugte wat uitgevoer word, en is dus ver binne die perk van 5%. Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) is van mening dat die maatreëls wat versoek word, met die doelwitte van die MAP-wet strook. Hulle vra insette van direk geaffekteerde groepe.

Direk geaffekteerde groepe (bv. produsente, verpakkers en uitvoerders) in die sitrusbedryf word vriendelik versoek om enige kommentaar rakende die voorgestelde statutêre maatreëls skriftelik by die NLBR (**e-pos na mathildavdw@namc.co.za**) voor of op 21 Junie 2024 in te dien, om die Raad in staat te stel om sy aanbeveling aan die Minister in hierdie verband te finaliseer.

## SITRUS VOLHOUBAARHEIDSFORUM

Die volgende Sitrus Volhoubaarheidsforum is vir 21 Junie vanaf 09:00 geskeduleer. Die vergaderingskakel en agenda is voorheen op die CGA Comms-instrument gesirkuleer. Vir diegene wat dit nie ontvang het nie, kontak asseblief vir Paula Bester (pb@cga.co.za).

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 23<br>Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 11.3 m | 9.3 m | 10.1 m | 8.5 m | 8.0 m | 16.8 m | 14.9 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 10.5 m | 13.4 m | 13.1 m | 10.1 m | 9.2 m | 43.0 m | **42.7 m** | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 17.3 m | 20.2 m | 18.4 m | 18.1 m | 14.9 m | 37.9 m | 35.8 m | 35.6 m | 39.0 m |
| Nawels | 7.6 m | 8.1 m | 7.8 m | 4.4 m | 3.4 m | 25.7 m | 21.9 m | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 0.9 m | 1.2 m | 0.6 m | 0.4 m | - | 58.3 m | **55.5 m** | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **47.6 m** | **52.2 m** | **50.0 m** | **41.5 m** | **35.5 m** | **181.7m** | **170.8 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |